

Drimia altissima

E: Tall White Squill A: Jeukbol

Voorkoms: Oostelike en suidelike dele van Afrika in savanna en bosveld

Voorkoms: Dit blom in laat lente tot vroeë somer (Oktober / November), dis wanneer ons hierdie plant **sien**. Een dik ronde **stingel** groei uit 'n **bol** op, staan tot 2 m hoog (*altissima* → baie lank/hoog) en dra tot 700 **bloeisels**.



Uit amper elke blom ontwikkel 'n **saadkapsule** met plat swart **sade**.



As die saad ryp is, bars die kapsule oop en stel die sade vry. Die hele stingel droog op en breek weg. Intussen het menigte **blare** rosetvormig uit die bol ontwikkel. Hulle is groen en glad, staan

ongeveer 40 tot 50 cm hoog en die klomp plante vorm goed sigbare kolle.



Na die somer droog die blare op, en as jy gelukkig is, sien jy die droë bolskubbe bokant die grond uitsteek. In lente groei die blomstingels voor blaarvorming.

Die plant is **giftig**, dis slangkop-familie. Dwarsoor die kontinent word dit vir die vervaardiging van kruiemedisyne gebruik (stimuleer hart, werk teen longsiektes) en word op inheemse kruiemarkte aangebied. **Moenie self toets as jy nie 'n kundige is nie!**

In 'n tyd wanneer die veld nog vaal en droog is, bied die pragtige kol blomme 'n mooi gesig. Die plant is gehard en potensieel 'n goeie inheemse tuinplant.

Inligtingsbronne: Toxic Plants of veterinary Importance in Namibia (Coleen Mannheimer, Anna Marais, Sonja Schubert)

Teks en fotos: Anka Eichhoff

November 2021